# HILLCREST HIGH SCHOOL

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2

**SEPTEMBER 2022**

**PROEFEKSAMEN**

**GRAAD 12**

**PUNTE : 70**

**TYD: 2 UUR**

**Hierdie vraestel bestaan uit *12* bladsye.**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Vul die voorblad op jou antwoordstel ordentlik in en moet dit onder GEEN omstandighede afskeur nie.

2. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

   AFDELING A: Roman
   AFDELING B: Drama

3. Beantwoord AL die vrae.

   **AFDELING A: ROMAN**
   Beantwoord die vrae oor die roman, ***Lien se lankstaanskoene***, wat julle bestudeer het.

   **AFDELING B: DRAMA**
   Beantwoord die vrae oor die drama, ***Paljas***, wat julle bestudeer het.

4. Volg die instruksies aan die begin van elke afdeling.

5. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

6. Begin ELKE afdeling op ‘n NUWE bladsy.

7. Voorgestelde tydsindeling: Gebruik ongeveer 60 minute per afdeling.

8. Skryf netjies en leesbaar.

**STERKTE!!**

**INHOUDSOPGAWE**

Kies **TWEE** afdelings


| | | |
|---|---|---|
| **AFDELING A: ROMAN**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| **VRAAGNOMMER** | **PUNTE** | **BLADSYNOMMER** |
| 1. Kringe in 'n Bos | 35 | |
| 2. Die ongelooflike Avonture van Hanna Hoekom | 35 | |
| 3. Meeulanders | 35 | |
| 4. Lien se lankstaanskoene | 35 | 4 |
| | | |
| **AFDELING B: DRAMA**<br><br>**Beantwoord slegs EEN vraag.** | | |
| 5. Poppie – Die Drama | 35 | |
| 6. Paljas | 35 | 8 |
| 7. Fiela se kind – Die Drama | 35 | |
| | | |
| **AFDELING C: KORTVERHALE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE kortverhale.** | | |
| 8.1 "Van Precious: 'n Buisie salf" | 35 | |
| 8.2 "Roep van die vleikuiken" | 35 | |
| | | |
| **AFDELING D: GEDIGTE**<br><br>**Beantwoord die vrae oor AL TWEE gedigte.** | | |
| 9.1 "Boekmerk" | 18 | |
| 9.2 "Die Boodskapper" | 17 | |

**AFDELING A: ROMAN**

**Beantwoord die vraag oor die roman wat jy bestudeer het.**

**VRAAG 4: *LIEN SE LANKSTAANSKOENE* (Derick van der Walt)**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**"Ek kan sien jy het ook nie eintlik pêlle hier rond nie. Ek wou graag my verjaarsdag saam met jou vier. Jy vat nie stront van dié simpel skool nie. Dit *impress* my."**
**Lien weet steeds nie wat om te sê nie. Die kelner bring gelukkig hulle kos. Dit ruik hemels. Lien lig haar glas Coke en sê: "*Cheers.*" Hulle klink glasies.**
**Lien se selfbeheersing is daarmee heen. Sy duik in die bord kos in, weet nie lekker wat om eerste te eet nie. Sy eet soos iemand uit 'n konsentrasiekamp. Die *steak* is taaierig, maar dit is die lekkerste vleis wat sy in 'n baie lang tyd geëet het. En die tjips. Dit smelt in haar mond. Sy dink skuldig aan Braam wat vanmiddag Marmite-toebroodjies moet eet.**
**"Wat doen jou ma-hulle?" probeer Lien geselskap maak tussen die etery deur.**
**"My ma is 'n sepieslaaf," sê Miemie terwyl sy al kouend deur die venster kyk. 'n Vrou en twee dogtertjies is besig om sake vol kruideniersware in 'n motor se bagasiebak te laai. Een van die dogtertjies huil onophoudelik. "Sy het 'n meestersgraad in toegepaste wiskunde, maar sy het nog nooit in haar lewe gewerk nie. My pa wil nie hê sy moet werk nie. Nou kyk sy sepies."**

**4.1 Waar was Lien en Miemie? (1)**

**4.2 Waarom het Lien "nie eintlik pêlle " by die skool nie? (1)**

**4.3 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.3) en die antwoord neer.**

**Lien weet steeds nie wat om te sê nie, want (sy verstaan nie wat Miemie sê nie/ sy voel ongemaklik.) (1)**

**4.4 Hoe weet ons dat Lien regtig honger is? Haal SEWE AGTEREENVOLGENDE WOORDE aan as antwoord. (1)**

4.5 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.5) en die letter (A-D) neer, byvoorbeeld 4.5 E

"Sy dink skuldig aan Braam wat vanmiddag Marmite-toebroodjies moet eet." (Reël 10-11)

Uit hierdie gedagte van Lien oor Braam lei ons af dat Lien 'n _________ suster is.

A. selfsugtige
B. nalatige
C. sorgsame
D. wrede (1)

4.6 "Wat doen jou ma-hulle?" (Reël 12)

Is Lien regtig geïnteresseerd in Miemie se gesin? Motiveer jou antwoord. (1)

4.7 Miemie word later 'n goeie maat van Lien. Gee DRIE voorbeelde van dinge wat hulle saam doen. (3)

4.8 Miemie se huislewe verskil nie soveel van Lien s'n nie.

Noem TWEE OOREENKOMSTE ten opsigte van hulle ouers. (2)

4.9 Lien se tienerlewe was nogal interessant en ingewikkeld.

Skryf die volgende VIER gebeure in Lien se lewe onder mekaar in die KORREKTE VOLGORDE neer.

* Lien het die rol van "Weird Maria" gekry.
* Deon kom kuier en Lien voel ontsteld.
* Lien was omgekrap oor Wouter en Riekie se vriendskap.
* Juffrou Breytenbach wil 'n meesterstuk skep. (4)

4.10 Voltooi die volgende paragraaf deur die woorde in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord langs die vraagnommer 4.10.1 en 4.10.2 neer.

| | | | |
|---|---|---|---|
| glo | verstaan | regte | drama |

Miemie wil 4.10.1 _______ studeer, want sy wil vrouens help om 'n lewe te kry. Sy kon nie 4.10.2 _____ hoekom hulle vir kinders "settle" nie. (2)

4.11 Daardie middag is Braam en Deon saam in die sitkamer, besig om PlayStation te speel.

4.11.1 Watter angs het hierdie toneel by Lien geskep? Noem TWEE dinge. (2)

4.11.2 Hoe is Lien se angs later dié middag opgelos? (1)

**EN**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**Lien en Braam stap sonder 'n woord skool toe. Sy wou eers vra waarom hy nie fietsry nie, maar eintlik weet sy. Wouter praat oor alles en nog wat. "Vasbyt,"is al wat Braam sê toe hy met sy rugsak oor sy skouer die speelgrond aandurf. Lien maak haar rug reguit. Laat hulle sê en dink wat hulle wil. Sy sal nie koes nie. Dis nog net 'n paar maande …**
**Dit voel asof honderde oë haar dophou terwyl sy na die biblioteek stap. Sy kyk stip voor haar op die grond.**
**As die kinders in haar klas van die gemors met haar ma weet, wys hulle niks nie. Niemand kyk regtig vir haar nie en dié wat haar raaksien, lyk …wel, soos altyd, sien sy dankbaar.**
**Sy steek in haar spore vas toe sy eerste pouse by die kleedkamer in-stap. Sally Swanepoel staan voor die spieël en kam haar lang rooibruin hare met stadige hale. Sigaret in die ander hand. Hier kom dit nou, dink Lien. Sy sien niemand anders in die vertrek nie. Sy oorweeg dit eers om stilletjies terug te draai, maar Sally het haar klaar gesien. Sy neurie ter-wyl sy Lien onderlangs dophou. Lien stap tot by die wasbak langs Sally en draai die koue kraan oop.**

4.12 Wie ry gewoonlik per fiets skool toe? (1)

4.13 Wat het gebeur dat Braam "Vasbyt" sê toe hy die speelgrond instap? (1)

4.14 "Dit voel asof honderde oë haar dophou" (Reël 6)

Hoe voel Lien terwyl sy na die biblioteek stap? Gee net EEN WOORD. (1)

4.15 Motiveer waarom die stelling hieronder WAAR is.

Sally Swanepoel verras Lien met haar opmerkings in die kleedkamer. (1)

4.16 Sekere karakters het tot Lien se uiteindelike vordering bygedra.

Kies die karakter in KOLOM B wat by die beskrywing in KOLOM A pas.
Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommer (4.16.1-4.16.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 4.16.1 Hierdie karakter het deur dik en dun by haar gestaan | A. Tannie Bets |
| 4.16.2 Hierdie karakter her vir haar werk gereël. | B. Tibbey |
| 4.16.3 Hierdie karakter het vir haar raad gegee oor bedel. | C Miemie |
| 4.16.4 Hierdie karakter het 'n goeie vriendin geword. | D. Wouter |
| | E. Sally Swanepoel |

(4x1)

**4.17 Verwys na reël 14-15**

**Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (4.17) en die antwoord neer.**

**Lien is (onwillig/gewillig) om 'n geselsie met Sally aan te knoop aangesien sy gister ook by die hek was. (1)**

**4.18 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die vraagnommer (4.18) en die letter (A-D) neer, byvoorbeeld 4.18 E**

**Sally se houding en gedrag verberg ...**

**A. haar bekwaamheid en ware persoonlikheid.**
**B. haar moeilike omstandighede en hartseer.**
**C. haar verlange om aanvaar te word.**
**D. haar goeie hart en insig. (1)**

**4.19 Lewer kommentaar oor die opskrif van die hoofstuk "Baie sterker as Camel Filters" (1)**

**4.20 Wat is die figuurlike betekenis van Lien se "lankstaanskoene"? (1)**

**4.21 In hierdie verhaal gebruik Lien baie van die geld uit haar reisfonds om vir Tibbey te help.**

**Wat sê dit vir ons ten opsigte van Lien se karakter? (1)**

**4.22 Lien besluit uiteindelik om haar pa en ma te vergewe.**

**Watter TWEE positiewe gevolge het hierdie besluit van Lien gehad? (2)**

**TOTAAL Afdeling A: [35]**

## AFDELING B: DRAMA

### VRAAG 6: *PALJAS* – Chris Barnard

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

### TEKS C

**33. Hendrik kom uit sy stasiekantoortjie en sien die nuwe aankomelinge. Een van die mans is besig om teen ‘n trok op te klouter dak toe.**

**En Hendrik wat pas vir die soveelste keer vanmôre die foon neergesmyt het, is dadelik kwaad, want daardie trok is spoorwegeiendom.**

**HENDRIK (***skree***): Haai! Wat die hel dink jy doen jy? (***Die man kyk verbaas op.)* **Ja, jy! Ek praat met jou. Klim af daar!**

> **Die man oorweeg die saak ‘n oomblik, en klim dan doodluiters verder tot bo.**
> **Dis vir Hendrik die laaste strooi.**
> **Hy stoom oor die spoor reguit op die groepie af.**
> **Hulle staan hom verveeld en inwag. Een van hulle het ‘n opslaantafeltjie oopgemaak en iets soos ‘n aktetas daarop neergesit.**
> **Hendrik kom steek vyf tree van hulle af vas.**

**HENDRIK: Wie’s julle, as ek mag vra.**
**SAMBO: Wie’s jy?**
**HENDRIK: Ek is Hendrik McDonald en dis my stasie hierdie.**

> **Die mans kyk om hulle rond.**

**SOLLIE (***bo-op die trok)***: Moerse ou stasietjie.**
**HENDRIK (***woedend)***: Ek het gesê klim af. Dis spoorweg-eiendom!**
**SAMBO: Se gat.**

> **Hendrik wil ‘n tree vorentoe gee, maar die man by die opslaantafeltjie, ene Barnie, laat los skielik ‘n jagmes wat soos ‘n weerligstraal uit sy hand uit blits en in ‘n groot houtkrat vastril wat hier drie tree van Hendrik af op die perron staan.**
> **Hy haal nóg so ‘n mes uit die tassie op die opslaantafel en weeg dit in sy hand.**

**HENDRIK: is julle spul bedonnerd of wat? Dis spoorweggoeters hierdie. (***Sambo skud sy kop.)* **Nou wat dan**?

6.1 Wie is die groep mense wat by Toorwaterstasie opgedaag het? Wees spesifiek in jou antwoord. (1)

6.2 Gee TWEE redes waarom ons kan sê dat Hendrik trots op sy werk was en sy werk ernstig opgeneem het. (2)

6.3 Wat het Bernie gedoen om Hendrik te bedreig? (1)

6.4 Kies die korrekte antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.4) neer.

"Moerse ou stasietjie"(Reël 22)

Hierdie woorde wys dat Solly ...

A. dink dit is 'n groot stasie.
B. baie van die stasie hou.
C. sarkasties probeer sê dis nie veel van 'n stasie nie.
D. Hendrik probeer komplimenteer. (1)

6.5 Emma het gegil.

6.5.1 Hoekom het Emma gegil? (1)

6.5.2 Hierdie persoon het al voorheen so iets gedoen. Verduidelik waarom ons hierdie stelling kan maak. (1)

6.6 In enige drama is daar gebeure en gevolge.

Kies die gevolg in KOLOM B wat by die gebeure in KOLOM A pas.
Skryf slegs die letter (A-E) langs die vraagnommers (6.6.1 tot 6.6.4) neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 6.6.1 Die sirkustrein kom op die stasie aan. | A. Almal maak koggelgeluide. |
| 6.6.2 Hendrik en Katrien baklei oor oorbelle. | B. Dit laat dinge gebeur wat uiteindelik tot die klimaks van die verhaal sal lei. |
| 6.6.3 Manuel bevriend vir Willem. | C. Hendrik en Katrien slaap nie in dieselfde bed nie. |
| 6.6.4 Willem probeer vir die kinders op die bus te vertel van die sirkus. | D. Willem hardloop weg. |
| | E. Hy begin weer praat. |

(4)

**6.7 Watter TWEE karakters het gedink die McDonalds is besig met satanisme? (2)**

**6.8 Ons weet dat Willem nou al vir twee jaar nie praat nie.**

**Wat, volgens Oudokter is sy probleem? (1)**

**6.9 Die McDonalds het nie die ideale gesinslewe gehad nie.**

**Wat is die grootste probleem wat hulle ondervind het? (1)**

**6.10 Het Manuel dit reggekry om Willem op sy gemak te stel toe hy hom vir die eerste keer ontmoet het?**

**Motiveer jou antwoord deur na die gebeure rondom die olifant te verwys. (1)**

**6.11 Wat was Frans se eintlike rede waarom hy Katrien besoek het?**

**Motiveer jou antwoord deur te verwys hoe hy teenoor Katrien optree. (2)**

**EN**

**Lees die uittreksel hieronder deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.**

**TEKS D**

**139. Katrien en Emma is besig om aan te trek. Katrien het ‘n mooi rok aan wat sy voor die spieël staan en bekyk. Die rok se kleur pas presies by die blou oorkrabbers.**

**KATRIEN: Jong, lyk ek nie bietjie soos ‘n tert nie?**
**EMMA: Ma kan nie soos ‘n tert lyk nie, al smeer ons Ma vol jam.**
**KATRIEN: Maar dis bietjie oop hierso. (***Sy wys vaagweg bo langs.)*
**EMMA: Ag, Ma!**

**Daar is ‘n klop aan die deur.**

**HENDRIK: Kan ek inkom?**

**Maar hy kom in sonder toestemming – en steek vas. Hy het ‘n das en baadjie en wit langbroek aan.**

**HENDRIK: Demmit, maar jy’s mooi!**
**KATRIEN: (***uit die veld geslaan)***: Dankie!**
**HENDRIK: With what shall I compare thee, my dear beloved**

**but with the morning dew ... onthou jy nog, Katrina?**
**KATRIEN: Ag, Hendrik, jy's stuitig!**
**HENDRIK: But with the morning dew ... (***Hy probeer die res onthou.)*
**KATRIEN: ... on dark petals of the rose.**
**HENDRIK: Onthou jy? (***Emma lag agter haar hand.)* **Dis lank gelede.** *(Hy praat met 'n glimlag op sy gesig.)* **Maar dis ook nie so lank gelede nie. Thy lips sweet tulips of twilight –**
**KATRIEN: Nee, wag, dis skoon 'n ander gedig.**

**Emma giggel nou onbedaarlik.**

**HENDRIK:** *(tot Emma)*: **Ja, jy lag verniet. Vanaand is die aand wat die manne vuis slaan oor jou!**

6.12 Vertel hoe dit gebeur het dat Emma ingestem het om saam met Nollie na die Volstruisdans toe te gaan. Gee TWEE feite. (2)

6.13 Beskryf die atmosfeer in die McDonalds se huis in hierdie uittreksel. (1)

6.14 Verduidelik wat gebeur het toe Hendrik-hulle by die dans opgedaag het. Wees spesifiek in jou gee van feite. (2)

6.15 Terug by die huis het Hendrik en Emma verskillende idees gehad van hoe die situasie hanteer moet word.

Verduidelik. (2)

6.16 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf slegs die letter (A-D) langs die vraagnommer (6.16) neer.

"With what shall I compare thee, my dear beloved but with the morning dew "

Hendrik het met die pragtige woorde van die gedig ... probeer wees.

A. romanties
B. laf
C. kwaai
D. ernstig (1)

6.17 Daar was spanning tussen die dorpsmense en die McDonalds in hierdie drama.

6.17.1 Wie het die spanning verhoog? (1)

6.17.2 Noem een insident waar hy die spanning verhoog het. (1)

6.18 Beantwoord die volgende vrae.

6.18.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies. Skryf slegs die vraagnommer (6.18.1) en die antwoord neer.

Die sentrale tema van hierdie drama is (rassisme/ satanisme/eensaamheid). (1)

6.18.2 Hoe het hierdie tema die McDonalds se lewe beïnvloed? (1)

6.18.3 Wat beteken dit as ons sê Manuel het sy paljas op die McDonalds gesit het? (1)

6.19 Dink aan Willem.

6.19.1 Hoekom verkies Willem, Manuel se geselskap bo sy pa s'n? (1)

6.19.2 Hoe het Willem sy liefde fisies vir sy pa gewys nadat hy op die stoep gevind is? (1)

6.20 Watter insident in die drama het jou ontstel? Konsentreer op Manuel en motiveer jou antwoord. (2)

[35]

TOTAAL AFDELING B: 35

GROOTTOTAAL: 70